

# Nuusbrief 193

04 Desember 2014

Geagte Lede,

**SAWPA wens al ons lede en hulle geliefdes 'n vreugdevolle en rustige vakansietyd toe.**

Neem asseblief kennis dat die SAWPA-kantoor amptelik op die 19<sup>de</sup> Desember 2014 sal sluit en weer sal open op die 5<sup>de</sup> Januarie 2015



## KCA BEHANDELDE HOUT IN SPEELGRONDE TERUGVOER NA DIE REGISTRATEURS WERKSWINKEL GEHOU OP 20 NOVEMBER

Op die 20<sup>ste</sup> November het die lang verwagte werkswinkel, deur die Registrateur van Wet 36 van 1947 versoek, en wat handel oor die risiko's van KCA-behandelde hout wat in speelrame gebruik word, uiteindelik plaasgevind. Teen alle verwagting in was die klaers teen die gebruik van KCA-behandelde hout nie teenwoordig om hulle aantygings en klagtes te bewys nie, en het SAWPA sy misnoeë daarvoor uitgespreek.

Die industrie het sy standpunt ten tyde van die werkswinkel gelewer. Dit het gehandel oor die mondelingse lewering van SAWPA se amptelike standpunt, met verwysing na alle vorige ingediende dokumente aan die Registrateur, i.e. die Groep 1 rooi band hersiening proses en gepaardgaande motivering in 2009/10, die volledige antwoord (voorberei deur ENSafrica) op die WD Goodwin -klagtebriewe en die INFOTOX-verslag wat vroeër vanjaar ingedien is. Die SAWPA-aanbieding het verder ook die agtergrondgeskiedenis van KCA uitgelig, 'n blik gegee op die KCA-industrie in Suid Afrika, 'n verwysing na die skoon veiligheidsrekord, ens. Dit is gevolg deur 'n aanbieding deur Bob Gruber van LONZA VSA oor die redes en agtergrond vir die vrywillige beperkingsbesluite wat voor 2002 in die VSA en ander wêrelddele geneem was, asook dit wat sedertdien in die VSA gebeur het sover navorsing wat bewys dat KCA-behandelde hout veilig is wanneer gebruik word soos voorgeskryf.

Dr Willie Van Niekerk van INFOTOX het ook 'n aanbieding gedoen om die bevinding van die INFOTOX verslag, i.e. dat daar geen rede is vir enige beperkings op KCA nie, te verduidelik. Sy aanbieding het ook gehandel oor die "voorsorg beginsel" wat 'n insiggewende rol gespeel het in die besluite wat in ander lande geneem is. Na die aanbiedings was daar geleentheid gegee vir vroeë en antwoorde deur al die partye teenwoordig.

Selfs al het die industrie gevoel dat ons feitelike insette aan die Registrateur duidelik bewys was vir 'n geen-beperking benadering nie, is 'n kommerwekkende uitvloeisel van die werkwinkel die Registrateur se slotrelaas dat 'n besluit gemaak sal word na oordeelkundige oorweging van die wetenskaplike feite, maar ook die besluite wat deur ander lande geneem was. Hy het ook gesê dat wat ook al die besluit is, dit in oorlegpleging met die bedryf geneem sal word.

'n Ander punt wat genoem moet word, is dat ten tyde van die werkwinkel baie aandag gegee was deur die Registrateur en ander teenwoordige staatsdepartemente oor die risiko's wat die brand van behandelde afvalhout inhou vir mense wanneer dit as hittebron en vir voedselvoorbereiding gebruik word. Dit is duidelik gestel dat daar van die bedryf verwag word om met 'n plan vorendag te kom wat die openbare bewusmaking van die gevare beter moet aanspreek as wat tans die geval is.

## ONWETTIGE BEHANDLINGSANLEGTE

Dit is met kommer dat ons onlangs bewus gemaak is van vier onwettige KCA onderdompel-aanlegte wat in die Limpopoprovinsie operasioneel is. Ons het met die KCA verskaffers en behandelingsaanlegte kontak gemaak om hulle bewus te maak van die probleem, en ook te versoek dat daar strengere kontrole oor die aflewering van KCA konsentraat en die stoor en gebruik daarvan by aanlegte geïmplementeer moet word om te verseker dat die gevaarlike praktyk beëindig word.

Die probleem moet aangespreek word veral in die lig van die aanhoudende druk wat op KCA gemik is, met dien verstande dat KCA 'n groep 1 rooi band middel is en indien onverantwoordelik en verkeerd gebruik word, kan lei tot ernstige gesondheids- en omgewingsprobleme. Lede wat inligting het oor enige soortgelyke aktiwiteite in ander streke word versoek om die inligting aan SAWPA deur te gee sodat ons dit met die verantwoordelike reguleerder kan opneem.

SAWPA het die NRCS ingelig oor die bestaan van die onwettige KCA aanlegte en hulle verskaf van gedetailleerde inligting wat die presiese ligging van die aanlegte uitwys. Dit het ook inligting bevat van verskeie onwettige kreosootaanlegte waarvan ons bewus is. Tot dusver het ons nog geen terugvoer van die NRCS gekry nie, maar sal weer met hulle opvolg.

## NRCS HEFFING VIR 2015

Die nuutste NRCS heffings vir behandelde hout is onlangs goedgekeur en gepubliseer in die staatskoerant GoN 791 van 17 Oktober 2014. Die nuwe heffings is gebaseer op 'n 6% VPI verhoging wat na gelang van die kollektiewe NRCS konsultasie vergaderings van 9, 10 en 11 Desember 2013 voorgestel is, vergaderings waarvan ons eers op die dag van die eerste vergadering kennis geneem het.

Die nuwe heffings het egter 'n positiewe sy deurdat die verhoogde heffing van R1.11 teen die vorige R1.04/m<sup>3</sup> nie van toepassing is op tipe 5 produksertifisering nie. Die "nuwe" gepubliseerde heffing van toepassing op tipe 5 produksertifisering is slegs R1.00/m<sup>3</sup>, wat effektief beteken dat alle SABS en SATAS gesertifiseerde aanlegte die verlaagde heffing sal betaal, bygesê indien die heffings in die volgende jaar geïmplementeer word, aangesien die implementering direk afhanklik is van die NRCS se vermoë om die aansoeke vir goedkeuring wat sedert 2010 ingedien is, te verwerk.

## VOORBEREIDING VAN 2014 JAARLIKSE STATISTIEKE

SAWPA sal binnekort weer 'n eposversoek uitstuur aan die totale bedryf vir die indien van die 2014 behandelde houtvolumes. Ons wil egter van die geleentheid gebruik maak om solank ons lede te versoek om te begin met die voorbereiding en opsomming van die volumes geproduseer vir die tydperk 1 Januarie 2014 tot 31 Desember 2014 sodat dit gereed kan wees in die nuwe jaar. SAWPA wil graag die 2014 statistieke gefinaliseer en beskikbaar hê voor die einde van die eerste kwartaal, en indien moontlik teen einde Februarie.

## NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste vir Oktober en November was onderskeidelik 68915 & 55797.
- “New pest of Eucalyptus detected in South Africa”. Sien aangehegte artikel geskryf deur Bret Hurley van FABI
- SAWPA het onlangs 'n 6 maande promosie veldtog in die “Home Handyman Magazine” begin. Ter inligting sien die aangehegte advertensie en artikel wat in die November 2014 weergawe geplaas was.
- Mnr Carl Evans van Time2Act, (tel 082 920 9256 / email: [carlevans@vodamail.co.za](mailto:carlevans@vodamail.co.za)) is a werwingsagent in Suid Afrika wat na biomassa afvalmateriaal vir die Europese markte soek. Kontak hom gerus indien u enige hout afval, bas, snysels ens het wat u op 'n gereelde basis sal wil verkoop. ke to sell on an ongoing basis. Kontak vir Sue by SAWPA iniden u die oorspronklike epos van Mnr Clark wil hê.
- Mark Crowe het ons onlangs gekontak met besonderhede van druksilinder wat hy wil verkoop (2.8m x 7.8m and 1.45m x 7m). Indien u belangstel kan u hom kontak by 082 653 8019.

### BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

# New pest of Eucalyptus detected in South Africa



In May this year symptoms of a previously unreported insect pest was detected on *Eucalyptus* in Midrand, Gauteng. While the symptoms appeared similar to those of some *Ophelimus* species, no gall formers emerged in captivity until recently. The species name must still be confirmed, but the symptoms and adults that have now emerged indicate that it might indeed be *Ophelimus maskelli*, which is a known pest of *Eucalyptus* in the Middle East, Europe, North Africa, Mauritius and New Zealand (native to Australia).

The collections of infected leaves originally only resulted in the emergence of *Closterocerus chamaeleon*, a known larval parasitoid wasp of *O. maskelli*. Furthermore, a Tetrastichinae wasp (still to be identified) has also emerged from the galls, which is also thought to be a parasitoid of the gall former.

Work by the TPCP is ongoing to confirm the identity of this new pest, understand the threat it poses to *Eucalyptus* forestry, and investigate possible responses including biological control. It is important to obtain information on the spread and host association of this new pest outside Midrand. Thus, please refer to the attachment and notify Dr Brett Hurley ([brett.hurley@up.ac.za](mailto:brett.hurley@up.ac.za)) should you notice the symptoms shown in the attachment.

Contact:  
Brett Hurley  
E-mail: [brett.hurley@up.ac.za](mailto:brett.hurley@up.ac.za)